EERSTE GELUI van die KERKKLOK

Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels

2 Februarie 2020

Kerksaal, Eerstelaan 38 om 08:30.

Dr Chris Malan is die liturg.
Hy lees uit Gen 49: 28.

Tema
Ek seën my huis, ek seën my gemeenskap.

Kerk, Vierdelaan 67 om 09:30.
Dr.. Chris Malan is die liturg.
Hy lees uit Gen. 49: 28.

Tema
Ek seën my huis, ek seën my gemeenskap.

Gemeentesentrum, Disaweg Bettysbaai om 09:00:
Ds. Steven Sass is die prediker.
Hy lees uit Gen. 25: 19-34.

Tema
Dief: Die agste gebod

DEURKOLLEKTE SONDAG:
VGK
Volgende week: Boufonds

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Ons dink veral aan Douglas Veldtmann van KB3 (082 824 0765),
Jacques Fouche van PB2 (0282738924),
Wessel Coetzee van Sa4 (0834214164),
Madeleen Bouwer van Sb4 (0829504564) en
Arno Lategan.

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bubelskool in die kerksaal
Dinsdag	16:30 Gebedsbediening in konsistorie 17:30 Finansies 18:00 Bid vir sendelinge
Woensdag	**08:00** Dagbestuursvergadering 10:00 Toerustingsgeleentheid: Gerat vir 2020
Donderdag	15:00 Senior Burgers 16:00 Kooroefening

KERKKANTOOR

Let op dat die kerkkantoor op Woensdag 5 Februarie eers om 11:30 oopmaak sodat die kantoorpersoneel die toerustingsgeleentheid, Gerat 2020, kan bywoon.

DAGBESTUUR

Let op dat die vergadering Woensdag reeds om 08:00 begin ter wille van Gerat 2020.

VROLIKE VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag die jaar wat voorlê 'n jaar van vreugde en vrede in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

2 Februarie
AT BOUWER (0828538315 - Sb1)
CONRAD BURGER (0794204025 - Sb4)
PAULINE CALITZ (0714182585 - KB1)
DE LA REY CALITZ (0826643071 - KB1)
REGARDT HEIDMANN (0282715735 - Sb1)
KARIN POTGIETER (0836255420 - BB4)
JANNIE VILJOEN (0829797444 - HK3)

3 Februarie
WALLY MARAIS (0822946901 - BB2)
HILLIE SCHULTZ (0829273641 - Ba3)
ELIZE VAN DER MERWE (0837384889 - Ba1)
SUSAN VAN ROOYEN (0833561174 - KB2)

4 Februarie
FRIKKIE BORNMAN (PB!)
CARINA BOTES (0733514480 -- BB1)
PAUL DE REUCK (0828281742 - BB2)
TIENIE DU PLESSIS (0834534137 - RE)
TOKKIE MOUTON (0767874621 - BB1)
JOHAN NAUDE (0282729955 - BB5)
MARQUERITE VAN EEDEN (0724835180 - Sa3)

5 Februarie
JOHAN CALITZ (0828260900 Tel huis: 0282714994
MELKHOUTLAAN 02 Wyk: KB 01
DALEEN DIPPENAAR (0845802900 - PM2)
ALTA HOUGAARD (0836807694 - Sa3)
JOHANN LÜCKHOFF (0282729933 - BB6)
MIEMMIE STRYDOM (0827337215 - Sb3)

6 Februarie
CECELIA BOSHOFF (0797162921 - Sc1)
WILLEM FOURIE (0282729607 - BB4)
JOHANNA HUGO (0836273590 - Ba1)
ISABELLA MEISENHOLL (0833252295 - BB2)
IVOR POTGIETER (0824628787 - BB4)
HENNIS VAN ZYL 0282714487 - Sa4)

7 Februarie
CHRIS-MARÍ BARNARD 0834489106 - KB5)
JOHAN ENGELBRECHT (0829244546 - PM3)
DINA HEYNS (0721953151 - BB2)
KATHLEEN JOUBERT (0723949737 - Sc3)
TALLIE TALJAARDT (0828226564 - Ba2)

8 Februarie
PAUL COETZEE (0826871163 - Ba1)
AMANDA FOURIE (0833040367 - Bb2)
LOUMARÈ GOOSEN (0845482866 - Sa4)
LUCY KIRSTEN (0282729659 - BB5)
HEMPIES KOCK (0282713994 - KP)
ANSIE MALAN (Sb1)
HELGAARD MULLER (0722466329 - Sc1)
SANTIE SWANEVELDER (0282729079 - BB4)

VROUEBYBELSTUDIE

Dinsdag		
KB1-5	**15:00**	**Kleintjie Muller, Boekenhoutlaan 32**
Sb4	**09:30**	
Sa3	**15:00**	**Soos gereël**
PM1	**15:00**	**Gerda Olivier, Gerrit Maritzstraat 33**
PM3	**15:00**	**Daleen Swart, Palmietweg 70**
Sa4	**15:00**	**Elize Uytenbogaardt, Eerstelaan 116**
Bb1-4	**15:00**	**Hesta Smit, Sesdelaan 18**
HK3	**15:00**	**Magriet Gresse, Ursinialaan 27**
Woensdag		
KP	**09:30**	**Kogelparksaal**
HK1+2	**09:30**	
Ba1-3	**10:00**	**Leza Louw, Lobelia 6**
Sa1+2	**10:00**	**Renske Jacobs, Tweedelaan 164**
Sc1-4	**15:00**	**Elize Botes, Derdelaan 52**
PM2,4,5	**15:00**	**Hetta Strauss, Delportstraat 12**
Sb1-3	**15:00**	**Charlotte Groenewald**

BARMHARTIGHEID SÊ DANKIE

Baie dankie aan die dames wat so getrou brei en hekel. 1041 artikels is uitgedeel aan ongeveer 17 instansies. Dankie ook aan almal wat wol skenk. Skenkings is steeds welkom en word waardeer.

GEBEDFOKUS

Bid vir ons leraars, kerkraad, al die geestelike leiers en bedieninge vir wysheid, onderskeiding en dat hulle die leiding van die Heilige Gees sal ervaar en seën op hulle werk.
Bid vir seën op die gesinsbediening.
Ons tree in vir die vervolgde kerk. Tans word 260 miljoen Christene vervolg.
Bid vir ‘n nuwe moraliteit en gees van vesoening en vergifnis in ons land
-vir Pres. Ramaphosa en die regering vir die besef van hul afhanklikheid van Wysheid van Bo en duidelikheid om leiding te neem.

Gebed is om in die donkerte jou hand uit te steek na die enigste seker Bron van lig-
E. Arnoldt

HOOP IN VERLIES

Hierdie is ’n ondersteuningsgroep vir mense wat op verskillende vlakke en tye van hul lewens die verlies van ’n geliefde of baie-naby persoon wil verwerk. Hierdie groep werk gestruktureerd deur temas en kom twee-weekliks bymekaar. Bel gerus vir Marianne Johnson by 084 589 9987.
Daar is ook ‘n ondersteuningsgroep vir persone wat reeds hierdie kursus deurgewerk het. Indien jy belangstel om voort te gaan in ’n ondersteuningsgroep, bel Magda Leibrandt 082 864 6429.



Kleinmond Gemeente…
gerat vir Sy koninkryk!

Gerat 2020 begin sommer Woensdag. Die eerste tema word op 5 Februarie en 11 Maart aangebied.

Woensdagoggend word dit om 10:00 in die kerkgebou en die aand om 18:00 in die gemeentesentrum in Bettysbaai aangebied. Lidmate kan kies wanneer en waar hulle dit bywoon.

Die Gerat 2020 geleenthede wil ons help om ons roeping prakties uit te leef: Wat en Hoe? Dis 'n toerustingsgeleentheid vir alle limate. Die eerste tema is: God se hart, karakter en plan. Elke sessie duur 90 minute en na die tyd drink ons lekker tee of koffie.

Hierdie toerusting is onontbeerlik vir ons in diens wees van Christus. Ons wil einlik ALMAL in die gemeente inskakel.

MOENIE HIERDIE GELEENTHEID MISLOOP NIE!

OPLEIDINGGROEP VIR CHRISTEN BERADERS IN NARRATIEWE TERAPIE!

Ons skop ‘n opleidinggroep af vir Christen Beraders wat belangstel in Narratiewe Terapie!
Daar is tien (10) sessies deur die jaar, en sal aangebied word (nagenoeg) elke eerste Dinsdag van elke maand om 18:00-20:30 – loer na die datums hier onder.

Chris Malan bied die kursus aan, en hy is reeds die afgelope sewe jaar ‘n opleier en mentor in Narratiewe Terapie by o.a. Coram Deo (Oosterlig Gemeente, Pretoria en Mosselbaai Moedergemeente) en Helberberg Beradingsentrum (Somersetwes). Chris het sy doktorale studies in Praktiese Teologie, en spesifiek in Narratiewe Terapie in 2005 voltooi, toe hy deel was van die multiprofessionele terapeutiese span by Jakaranda en Louis Botha Kinderhuise.
Bel gerus vir Chris by 072 1987 279 indien jy belangstel om in te skakel. Almal is welkom, nie net lidmate nie! Nooi jou vriende saam!
Talle mense doen hierdie kursus vir hul eie geestelike groei; ander wil die beginsels op ‘n self-doen/ self-help-basis bemeester, en ander wil hul vaardighede as beraders slyp.

WAT IS NARRATIEWE TERAPIE?

Narratiewe Terapie is ‘n respekvolle, nie-blamerende, nie-veroordelende benadering tot berading en gemeenskapswerk. In hierdie benadering staan die mense wat kom aanklop om hulp en raad in die sentrum as die kundiges van hul eie ervaringe en lewens. Hierdie benadering erken deeglik die effek/impak wat *probleme*

op mense se lewens, identiteit en verhoudinge het. Hierdie benadering skep daarom die spasie dat mense opnuut hul vaardighede, kennis, oortuigings, waardes en vermoëns kan ontdek, en hoe dit hulle in staat stel om die invloed van *probleme* op hul lewens, identiteit en verhoudinge te beperk. Saam met ander ontdek en identifiseer ons unieke gebeure wat dikwels poorte/deurgange is tot nuwe verhale, en voorkeur-verhale… hoe ek graag my lewe wil lei en verhoudinge wil inrig.

In hierdie kursus gaan jy die vaardighede en beginsels van hierdie benadering aanleer. Ons gaan heelwat tyd gebruik vir die aanleer.

Elke aanbieding/byeenkoms bestaan uit vier gedeeltes:

1. **Geestelike Belegging – aan die hand van Brian McLaren se boek *Naked Spirituality* gaan jy ook op ‘n reis tot geestelike groei en verdieping.**
2. **Bekendstelling van Kern-geloofsterme – wat jou in staat gaan stel om met selfvertroue hierdie nuwe insigte toe te pas in die gesprekke wat jy voer.**
3. **Bekendstelling van die beginsels en teorie van Narratiewe Terapie.**
4. **Praktiese in-oefen van dit wat ons geleer het.**

Tyd en plek is min – bel so gou as moontlik vir Chris by 072 1987 279.

Dagboek solank die volgende datums: 11 Februarie, 3 Maart,

7 April, 12 Mei, 9 Junie, 7 Julie, 18 Augustus, 1 September,

6 Oktober, en 3 November.

GETUIENIS-AKSIE
LEER KEN DRIES EN ILSE VAN JAARSVELDT

Gedurende ‘n uitreik (in 2003) na die Boesmans in Botswana, het Dries en Ilse v Jaarsveldt hul roeping gekry om daar te gaan bedien. Met ‘n hart vir sending, en opleiding in sending wetenskap was dit nie lank voor hulle hulle uitdagende ritme in daardie vreemde wêreld gevind het nie.

Gedurende die 10 jaar wat sou volg, is ‘n paar kerkies geplant, leiers geïdentifiseer, opleiding gegee, en baie gedoen om met basiese lewensnoodsaaklike behoeftes soos water en mediese sorg diensbaar te wees. Beide hul pagtige kinders; Jana en Cordré is gedurende hierdie tyd gebore. Ilse moes inspring met tuisonderrig.

In 2013 roep die Here hulle na ‘n been van Operasie Mobilisasie genaamd “Sustainable Missions” . Hulle trek na Kabwe in Zambië en begin ‘n nuwe “pad in die geloof”. Die sendingmodel bestaan daaruit dat hulle infrastruktuur (meestal geboue) skep waartydens mense opgelei word, en geleenthede vir dissipelskap kan aangryp. Mbv die model is daar nou al geboue vir ‘n skool vir gestremdes, opleidingsentrum vir misbruikte vroue, inkomstegenererende woonstelkompleks, en selfs ‘n hotel met al die werkgeleenthede wat daarmee saamgaan, geskep.

Ons as gemeente is trots en dankbaar om by hierdie gehoorsame lidmate van ons kerk betrokke te mag wees , en bid vir hulle die seën van ons Vader toe.

Khaki
PUMA

Leraars:
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com
Kerkkantoor:
Nienie Burger: 0282713470 nelineburger@gmail.com
Elizna Hogan: 0282713268 eliznahogan@gmail.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za
Facebook: NGK Kleinmond.

Om direk met die kerkraad te kommunikeer:
ngkkleinmond@gmail.com
Gemeente se bankbesonderhede:
ABSA
Rekeningnaam: NG Kerk Kleinmond
Takkode: 334-812
Rekeningnommer: 322-015-0320